Western Cape Government

Western Cape Gambling and Racing Board

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne • Ibhodi Yelentshona Kapa Yokungcakaza Ngemali Neyemidyarho

KENNISGEWING 3 VAN 2014

KENNISGEWING INGEVOLGE DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN ADMINISTRATIEWE GEREGTIGHEID WET 3 VAN 2000: VERLENG VAN DATUM VIR INWERKINGTREDE VAN DIE WYSIGING VAN DIE RAAD SE AANSOEKPROSEDURES

Nademaal:

1. Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ("die Raad") sy voorneme gepubliseer het om die aansoekproses vir boekmaker en boekmakerperseellisensies te hersien, in Publieke Kennisgewing 1 van 2014, wat in die Provinsiale Staatskoerant van 4 April 2014 en die Sunday Times van 6 April 2014 geadverteer is;
2. Belanghebbende partye genooi is om kommentaar of enige vertoë te lewer wat hulle met betrekking tot die oorwegings in die Kennisgewing wou lewer;
3. Die Raad Kennisgewing 2 van 2014 gepubliseer het na evaluasie van die kommentaar gelewer ooreenkomstig die "Kennisgewing en Kommentaar proses", waarvolgens belanghebbended partye in kennis gestel was dat die Raad 'n beslissing gemaak het om die huidige aansoekprosedures vir die volgende drie kategorieë lisensies te wysig: nuwe aansoeke om boekmakerlisensies, nuwe aansoeke om totalisatorperseel-lisensies en nuwe aansoeke om boekmakerperseel-lisensies, ingevolge sy magte verleen deur artikel 12(1) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 soos gewysig ("die Wet").
4. Kennisgewing 2 van 2014 het ook die publiek en belanghebbende partye verwittig dat die huidige praktyk om aansoeke op `n oop basis aan die Raad voor te lê, sal na verloop van sestig (60) dae vanaf die datum van publikasie van daardie kennisgewing in die Provinsiale Staatskoerant gestaak word; en
5. Die Raad nog geskrewe vertoeë van die Totalisator, Boekmakers en ander belanghebbende partye ontvang het wat nog n verlenging van die sperdatum vir die indiening van hangende aansoeke regverdig;

6. **DERHALWE** gee die Raad hiermee kennis aan die publiek en belanghebbende partye dat:

6.1 Die Raad hiermee die sperdatum om aansoeke vir die bogenoemde drie kategoriee van lisensies in te dien verleng word met sestig (60) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Provinsiale Staatskoerant.

6.2 Na oorweging van die kommentaar wat ontvang is nadat die tweede kennisgewing gepubliseer is, het die Raad beslis dat, ter wille van regverdigheid en administratiewe geregtigheid, Aansoekers wat besig was om aansoeke aan die Raad vir nuwe boekmaker-, boekmakerperseel- en totalisatorperseel-lisensies voor te berei `n verdere tydperk van sestig (60) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Provinsiale Staatskoerant sal kry om behoorlik voltooide aansoeke in te dien.

6.3 In hierdie konteks is `n behoorlik voltooide aansoek, aansoeke wat voldoen aan die vereistes van artikel 32 van die Wet en die Regulasies wat dit reguleer. Onvolledige aansoeke en aansoeke wat nie aan die vereistes voldoen nie, sal nie verwerk word nie, maar sal aan die onderskeie Aansoekers terugbesorg word.

7. Aanvang van nuwe Aansoekprosedure

7.1 Die nuut aanvaarde Versoek om Aansoeke ("VOA") proses vir die kategorieë van lisensies wat in Kennisgewing 2 VAN 2014 bespreek word sal gevolglik na verloop van sestig (60) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Provinsiale Staatskoerant in werking tree.

8. Restant van Kennisgewing 2 van 2014 is regtens bindend

8.1 Met die uitsondering van die verlenging van die sperdatum vir die indiening van aansoeke, sal die oorblywende inhoud van Kennisgewing 2 van 2014 ongeskonde en bindend bly op alle partye wat daardeur geraak word en lisensiehouers gereguleer deur die Raad en word uitdruklik geïnkorporeer deur verwysing hierin.

Wees asseblief dienooreenkomstig hiervan ingelig

Dr Maroba Matsapola
Die Hoof Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Oranjestraat 68
Tuine
Kaapstad, 8001